

NAL'IBALI

Vier Wêrelddag vir Hardop Lees saam met ons!

Elke jaar skep Nal'ibali 'n storie in al 11 amptelike tale spesiaal vir Wêrelddag vir Hardop Lees. Ons doen dan 'n beroep op volwassenes oor die hele land om by ons aan te sluit om op Wêrelddag vir Hardop Lees die storie hardop vir die kinders in hul lewe te lees.

Celebrate World Read Aloud Day with us!

Each year Nal'ibali produces a story especially for World Read Aloud Day in all 11 official languages. We then call on adults throughout the country to join us in reading the story out loud to the children in their lives on World Read Aloud Day.

8 voordele van hardop lees

Wanneer jy hardop vir jou kinders lees:

1. wys jy hulle dat jy waarde heg aan boeke en lees.
2. gee dit julle dinge om oor te gesels.
3. bou dit 'n band tussen julle.
4. stel dit hulle in staat om lees as 'n bevredigende aktiwiteit te ervaar.
5. motiveer dit hulle om self te leer lees en dan aan te hou lees.
6. wys jy hulle hoe ons lees en hoe boeke werk.
7. laat dit hulle stories geniet wat bo hul huidige leesvermoë is.
8. ontwikkel jy hulle verbeelding, woordeskat en taalvermoëns.



8 benefits of reading aloud

Reading aloud to your children:

1. shows them that you value books and reading.
2. gives you things to talk about together.
3. builds a bond between you.
4. allows them to experience reading as a satisfying activity.
5. motivates them to learn to read for themselves and then to keep reading.
6. shows them how we read and how books work.
7. lets them enjoy stories that are beyond their current reading ability.
8. develops their imagination, vocabulary and language abilities.



Wenke vir hardop lees

- * Hardop lees is altyd 'n opvoering! Gebruik jou stem om die atmosfeer te skep.
- * As jy vir 'n groep kinders lees, oefen 'n paar keer om die storie hardop te lees voordat jy dit vir hulle lees.
- * Begin deur die naam van die skrywer en illustreerder te lees sodat jou kinders beseft dat boeke deur mense net soos hulle geskep word!
- * Laat tyd toe dat jou kinders na die prente kan kyk en daaroor kan gesels as hulle wil.
- * Help om jou kinders se voorspellingsvaardighede te ontwikkel deur vrae te vra soos: "Wat dink jy gaan volgende gebeur?"



Tips for reading aloud

- * Reading aloud is always a performance! Put lots of expression in your voice to create the mood.
- * If you are reading to a group of children, practise reading the story aloud a few times before you read it to them.
- * Start by reading the name of the author and illustrator so that your children appreciate that books are created by people just like them!
- * Allow time for your children to look at the pictures and comment if they want to.
- * Help develop your children's prediction skills by asking questions like, "What do you think is going to happen next?"

Kom deel in die pret!

1. Gaan na www.nalibali.org om jou gesin, leesklub of skool in te teken en te help om hierdie dag die grootste Wêrelddag vir Hardop Lees in Suid-Afrika te maak.
2. Lees op **5 Februarie 2025** ons storie vir Wêrelddag vir Hardop Lees, *Wat is dit?*, vir al die kinders in jou lewe.
3. Deel foto's en video's van jou WRAD-geleenthede op ons sosialemediaplatforms met die hutsmerk **#nalibaliwrad2025**

Join in the fun!

1. Go to www.nalibali.org to sign up your family, reading club or school and help make this the biggest World Read Aloud Day event in South Africa.
2. On **5 February 2025**, read our World Read Aloud Day story, *What is it?*, to all the children in your life.
3. Share photos and videos of your WRAD events on our social media sites with the hashtag **#nalibaliwrad2025**

TheNalibaliChannel
 nalibaliSA
 @nalibaliSA
 @nalibalisa
 @nalibalisa
 The Nal'ibali Trust
 0600 44 22 54



Drive your imagination



IT STARTS WITH A STORY.
DIT BEGIN MET 'N STORIE.



Geletterdheidsaadjies!

Lees weer en weer vir jou kinders!

Literacy Seeds!

Read to your children again and again!



Daar is nie net een regte manier om 'n storie te ervaar nie, en dis wat hulle so kragtig maak! Lees gereeld saam met jou kinders, en jy sal sien hoeveel hulle leer en wat hulle met boeke kan doen!



Dear parents and caregivers of young children, settling down with your children and a story is an excellent way to have an enjoyable and satisfying time together. Exploring a story is much more than just reading the words on a page – it's about taking a journey together as you think and talk about the pictures and ideas in the story.

Beste ouers en versorgers van jong kinders, om saam met jou kinders rustig te raak en 'n storie saam te lees, is 'n wonderlike manier om 'n genotvolle en bevredigende tydjie saam deur te bring. Om 'n storie te verken, is meer as om net die woorde op 'n bladsy te lees – julle pak saam 'n reis aan wanneer julle oor die prente en idees in die storie dink en gesels.



There is no one correct way to experience a story and that's what makes them so powerful! Read with your children regularly, and you will see just how much they learn and what they can do with books!

Leeswenke vir Wêrelddag vir Hardop Lees - en vir elke ander dag!

- * Lees elke keer wanneer jy vir jou kinders 'n storie lees, die titel van die boek en die naam van die skrywer en die illustreerder. Vra hulle of hulle kan raai waarom die storie gaan deur net na die titel te luister en na die illustrasie op die omslag te kyk.
- * Wanneer jy hardop vir hulle lees, is jy hul leesrolmodel en gee jy vir hulle waardevolle kennis oor hoe ons stories lees.
- * Lees met soveel gevoel as wat jy kan. Jy sal aan die begin dalk 'n bietjie ongemaklik voel om dit te doen, maar jou kinders sal dit waardeer!
- * Vergroot jou kinders se begrip van die stories wat julle lees deur vrae te vra. Jy kan van die vrae vra terwyl julle 'n storie lees, en ander vrae kan bespreek word nadat julle die storie klaar gelees het. Deur op hierdie manier oor stories te gesels, word kinders gehelp om te verstaan hoe stories werk – nog 'n noodsaaklike geletterdheidsvaardigheid!
- * Sit elke dag 'n spesiale tyd opsy wanneer julle stories saam kan geniet. Lees stories waarvan jy hou en die stories wat jou kinders self kies, hardop vir hulle.

Reading tips for World Read Aloud Day - and every day!

- * Read the title of the book and the name of the author and illustrator each time you read a story to your children. Ask them if they can guess what the story is about from listening to the title and looking at the illustration on the cover.
- * When you read aloud for them, you are their reading role model, giving them precious knowledge about how we read stories.
- * Read with as much expression as you can. You may feel a little odd doing this in the beginning, but your children will appreciate it!
- * Deepen your children's understanding of the stories you read by asking questions. You might want to ask some of these questions as you read a story, while other questions can be discussed after you have finished reading. Talking about stories in these ways helps children to understand how stories work – another essential literacy skill!
- * Set aside a special time each day when you can enjoy stories together. Read aloud stories that you like and the stories that your children choose themselves.



Drive your imagination



Hoe om die storie *Wat is dit?* te gebruik

1. Nooi jou kind om saam met jou te lees; moenie jou kind ooit dwing nie.
2. Vind 'n stil, gemaklike plek om te lees. Skakel die radio, TV en selfoon af.
3. Sit naby mekaar of laat jou kind op jou skoot sit.
4. Begin deur na die boek se omslag te kyk en daaroor te gesels. Lees die titel van die storie en die name van die skrywer en illustreerder.
5. Kyk na die prente op elke bladsy. Moedig jou kind aan om aan die bladsye te ruik, dit vas te hou of daaraan te vat.
6. Laat die storie lewe! Gebruik verskillende stemme vir Afrika, Mme wa Afrika, die taxibestuurder en die mense by die mark.
7. Vra op verskillende plekke in die storie: "Wat dink jy gaan volgende gebeur?" Sulke vrae sal help om jou kind se verbeelding te prikkel.
8. Gesels met mekaar oor die storie. Bespreek vrae soos: "Hou jy daarvan om te gaan inkopies doen? Watter kleur is die appels?"
9. Vertel vir jou kind waarvan jy in die illustrasies hou. Vra jou kind waarvan hulle in die illustrasies hou.
10. Dit is die belangrikste om dit te geniet om die boek te deel en altyd jou bes te doen om lees pret te maak!



How to use the story *What is it?*

1. Invite – never force – your child to read with you.
2. Find somewhere quiet and comfortable to read. Turn off the radio, TV, and cell phone.
3. Sit close together or with your child on your lap.
4. Start by looking at and talking about the story's front cover. Read the story's title and the names of the author and illustrator.
5. Look at the pictures on each page. Encourage your child to smell, hold or touch the pages.
6. Make the story come alive! Use different voices for Afrika, Mme wa Afrika, the taxi driver and people at the market.
7. Ask, "What do you think is going to happen next?" at different parts of the story. Such questions will help to stimulate your child's imagination.
8. Talk to each other about the story. Discuss questions like, "Do you like going shopping? What is the colour of the apples?"
9. Tell your child what you like about the illustrations. Ask your child what they like about the illustrations.
10. Most of all, enjoy sharing the book, and always try your best to make reading fun!



Aktiwiteitsidees vir *Wat is dit?*

Jy kan deur die loop van die dag (selfs wanneer jy besig is met huistake!) prettige aktiwiteite saam met jou kinders doen:

- * Sing 'n liedjie oor windpompe, kleure of 'n uitstappie na die mark.
- * Kyk na jou kinders en wys na iets naby hulle. Vra hulle: "Wat is dit?" Gee vir hulle tyd om te antwoord. Sê dan, ongeag of hulle reg of verkeerd geantwoord het: "Dit is 'n ...", en moedig hulle aan om jou sin te herhaal.
- * Moedig jou kinders aan om 'n windpomp te probeer teken.



Activity ideas for *What is it?*

Throughout the day (even when you are doing chores!), you can do fun activities with your children:

- * Sing a song about windmills, colours or going to the market.
- * Look at your children and point to something close by. Ask them, "What is it?" Give them time to answer. Then, whether they answered correctly or incorrectly, say: "It is a ...", and encourage them repeat your sentence.
- * Encourage your children to try drawing a windmill.



Hoe om ons stories op verskillende maniere te gebruik

1. **Vertel die storie vir jou kind.** Lees en oefen om die storie te vertel. Gebruik dan jou stem, gesig en liggaam om die storie te laat lewe.
2. **Lees die storie vir jou kind.** Gesels oor die prente. Vra: "Wat dink jy gebeur volgende?" of "Hoekom dink jy het die karakter dit gesê of gedoen?"
3. **Lees die storie saam met jou kind.** Maak beurte om die storie saam te lees. Moenie hul foute regmaak nie, en help net as hulle jou vra om te help.
4. **Luister hoe jou kind lees.** Luister sonder om hulle te onderbreek. Sê dat dit vir jou lekker is om te luister wanneer hulle hardop vir jou lees.
5. **Doen die aktiwiteite in Raak doenig met stories!** Dit behoort vir jou en jou kind pret te wees.

How to use our stories in different ways

1. **Tell the story to your child.** Read and practise telling the story. Then use your voice, face and body to bring the story to life.
2. **Read the story to your child.** Talk about the pictures. Ask, "What do you think happens next?" or "Why do you think the character said or did that?"
3. **Read the story with your child.** Take turns to read the story together. Don't correct their mistakes, and only help if they ask for it.
4. **Listen to your child read.** Listen without interrupting. Say that you enjoy hearing them read aloud to you.
5. **Do the Get story active! activities.** This should be fun for you and your child.



Drive your imagination

6 aktiwiteite vir Wêrelddag vir Hardop Lees



6 World Read Aloud Day activities



1. Laat jou kinders voor **5 Februarie** hulle **kentekens** vir **Wêrelddag vir Hardop Lees** (sien bladsy 16) maak sodat hulle dit op Wêrelddag vir Hardop Lees kan dra. (Jy kan by www.nalibali.org ekstra eksemplare van die kenteken en die kenteken in ander tale kry.)



1. Let your children make their **World Read Aloud Day badges** (see page 16) before **5 February** so that they can wear them on World Read Aloud Day. (You can get extra copies of the badge or find it in other languages at www.nalibali.org.)

2. Kies van die aktiwiteite wat in die afdeling "Raak doenig met stories" op die agterste omslag van die storie *Wat is dit?* voorgestel word.



2. Choose some of the activities suggested for *What is it?* in the "Get story active!" section on the back cover of the story.



3. By jou skool:

- * reël 'n spesiale saalbyeenkoms om Wêrelddag vir Hardop Lees te vier en laat een of meer van die personeel ons storie, *Wat is dit?*, vir die kinders lees.
- * reël dat die ouer kinders die een of ander tyd op Wêrelddag vir Hardop Lees vir die jonger kinders lees.

3. At your school:

- * arrange a special assembly to celebrate World Read Aloud Day and have one or more of the staff read our story, *What is it?*, to the children.
- * organise for the older children to read to the younger children sometime during World Read Aloud Day.



4. Reël 'n Stop-en-Lees-Dag in jou klaskamer. Maak seker jy het baie boeke en stories beskikbaar vir die kinders om te lees. Vind iets wat jy as 'n klanksein kan gebruik, soos 'n trom of 'n plastiekbottel vol droë boontjies. Wanneer die kinders deur die hele dag op 5 Februarie die klanksein hoor, moet hulle ophou met waarmee hulle besig is en 'n boek kies om die volgende 10 minute lank te lees.



4. In your classroom, organise a Stop-and-Read Day. Make sure that you have lots of books and stories available for the children to read. Find something to use as a sound signal, like a drum or a plastic bottle filled with dried beans. Throughout the day on 5 February, whenever the children hear the sound signal, tell them to stop what they are doing and choose a book to read for 10 minutes.



5. Vertel vir jou kollegas by jou werkplek van Wêrelddag vir Hardop Lees en daag hulle dan uit om op 5 Februarie minstens 30 minute lank vir hulle kinders by die huis te lees. (Onthou, jy sal ook aan hierdie uitdaging moet deelneem of dit moet verbeter!)




5. At your workplace, tell your colleagues about World Read Aloud Day and then challenge them to spend at least 30 minutes reading to their children at home on 5 February. (Remember that you will have to meet or better the challenge too!)



6. Maak jul eie plakkate vir 2025 se Wêrelddag vir Hardop Lees om bewustheid te skep van die belangrikheid van hierdie dag. Knip saam met die kinders letters en prente uit tydskrifte en koerante, teken prente, skryf jul eie woorde en sinne en gebruik prente uit vorige Nal'ibali-bylaes of van die Nal'ibali-webwerf. Skep jul eie slagspreuke of gebruik ons s'n – Deel vandag 'n storie!




6. Make your own World Read Aloud Day 2025 posters to create awareness about the importance of this day. With the children, cut out letters and pictures from magazines and newspapers, draw pictures, write your own words and sentences, and use pictures from past Nal'ibali Supplements or the Nal'ibali website. Make up your own slogans or use ours – Share a story today!



Bou jou eie biblioteek. Maak TWEE knip-uit-en-bêreboekies

- Haal bladsye **5** tot **12** van hierdie bylae uit.
- Die vel met bladsye **5**, **6**, **11** en **12** daarop maak een boek. Die vel met bladsye **7**, **8**, **9** en **10** daarop maak die ander boek.
- Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hier onder om elke boek te maak.
 - Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
 - Knip op die rooi stippellyne.



Grow your own library. Create TWO cut-out-and-keep books

- Take out pages **5** to **12** of this supplement.
- The sheet with pages **5**, **6**, **11** and **12** on it makes up one book. The sheet with pages **7**, **8**, **9** and **10** on it makes up the other book.
- Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
 - Fold the sheet in half along the black dotted line.
 - Fold it in half again along the green dotted line.
 - Cut along the red dotted lines.



Drive your imagination

Mme wa Afrika vat die kinders na die vrugtestalletjies toe. Die rooi appels blink te mooi. "Wil jy appels hê?" vra Mme. "Nee dankie," sê Afrika. Toë hulle op pad is om groente te gaan koop, sien hulle klein, bruin houtbeelde van mense en diere. "Kyk Mme, Gogo," sê Dintle opgewonde en beduie na 'n beeld van 'n ounma.



"No, thank you," says Afrika. On their way to buy vegetables, they see small, brown wood carvings of people and animals. Dintle says excitedly, pointing to a statue of an old woman.

Mme wa Afrika takes the children to the fruit stalls. The red apples are so shiny. "Would you like some apples?" Mme asks.

Wanneer hulle by die mark aankom, sien Afrika sy maat Maduo en haar ma. In 'n fluissterem vra hy vir Maduo se ma: "Wat is die woord vir 'n windpomp in Sesotho?" "Ke windy milliy," sê Mme wa Maduo. Afrika dink nie dis die regte Sesotho-naam vir 'n windpomp nie, maar hy sê vir Mme wa Maduo dankie voor hy weer teruggaan na sy gesin toe.



When they arrive at the market, Afrika sees his friend Maduo and her mom. In a hushed tone, he asks Maduo's mom, "What is the word for *i-windmill* in Sesotho?" "Ke windy milliy," says Mme wa Maduo. Afrika doesn't think that this is the real Sesotho name for a windmill, but he thanks Mme wa Maduo before rejoicing his family.

Afrika, Dintle and their mother, Mme wa Afrika, are going to the market. Mme wa Afrika has promised that she would buy Afrika a toy or a treat if he knows what it is called in Sesotho. Afrika wants a windmill. But will he find out its Sesotho name before the end of their visit to the market?



Afrika, Dintle en hul ma, Mme wa Afrika, gaan na die mark toe. Mme wa Afrika het belowe sy sal vir Afrika 'n speelding of lekkerny koop as hy weet wat dit in Sesotho genoem word. Afrika wil 'n windpomp hê. Maar sal hy voor die einde van die uitstapjie na die mark kan uitvind wat 'n windpomp in Sesotho genoem word?

Get story active!

- ✿ Draw a picture of your favourite toy or treat.
- ✿ Make a list of your 10 favourite toys or treats in your home language. Now find out and write down the names of those toys and treats in at least one other language.
- ✿ Together with your family, make a toy windmill using sticks, wool or string, paper and glue.

Raak doenig met stories!


- ✿ Teken 'n prent van die speelding of lekkerny waarvan jy baie hou.
- ✿ Maak 'n lys in jou huistaal van die 10 speelgoed of lekkernye waarvan jy die meeste hou. Vind nou uit wat daardie speelgoed of lekkernye in een ander taal genoem word en skryf dit neer.
- ✿ Maak saam met jou gesien 'n speelgoedwindpomp uit stokkies, wol of tou, papier en gom.

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org.



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlamvat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org.

What is that?



Wat is dit?

Baeletsi Tsatsi • Rico Schacherl

Ideas to talk about: Which language(s) do you speak? Why do you think it is important to understand different languages? Do you know any words that we use across different languages in South Africa? What are they?

Idees om oor te praat: Watter taal/tale praat julle? Hoekom dink julle is dit belangrik om verskillende tale te verstaan? Ken julle enige woorde wat ons in verskillende tale in Suid-Afrika gebruik? Watter woorde is dit?



Drive your
imagination

“Would you like a statue, Afrika?” Mme asks.

“No, thank you,” says Afrika, smiling and shaking his head.

Afrika goes to speak to the woman sitting by the carved statues. “Hello, Mama, can you make one of those?” Afrika asks, pointing to a black and white windmill in the distance.

“I can make anything out of wood, my boy,” she answers proudly.


“Yes!” Afrika thinks to himself and does a little dance. “Can you please tell me what that is called in Sesotho?” he asks.

“Eee, kids these days! Their questions,” the woman says without answering.

“Will jy graag ’n houtbeeld hê, Afrika?” vra Mme. “Nee dankie,” sê Afrika terwyl hy glimlag en sy kop skud.

Afrika stap na die vrou wat by die houtbeelde sit. “Hallo, Tannie, kan jy een van daardie goeters vir my maak?” vra Afrika en wys na ’n klein swart-en-wit windpomp in die verte.

“Ek kan enigiets uit hout maak, my kind,” antwoord sy trots.



“-Windmill, my kind?” vra die bestuurder, laggend. “Ek bedoel, wat noem ’n mens dit in Sesotho?” fluster Afrika.

“-Windmill yi windmill,” sê die bestuurder en draai die taxi se radio harder.

Dis nie die antwoord waarna Afrika soek nie.

Afrika weet wat hy wil hê, maar hy ken nog nie die Sesotho-woord daarvoor nie. Sy plan is om almal wat hy teëkom, te vra of hulle weet wat die Sesotho-woord vir ’n windpomp is.

“Hallo, Om,” groet Afrika die taxibestuurder toe hy op die voorste sitplek gaan sit.

Op pad na die mark toe, sien Afrika sy gunsteling-helderblou windpomp op ’n plaas daar naby en wys daarna. “Om, wat noem ’n mens daardie ding?” vra hy.

“This *sefefa sa moea*,” Afrika says triumphantly. Then he holds the windmill above his head like a trophy and watches its blades turn in the wind. “That was a very clever way of learning a new word, wasn’t it, Dintle!” he says happily.



“Hierdie *sefefa sa moea*,” sê Afrika trots. Dan hou hy die windpomp bo sy kop soos ’n trofee en kyk hoe die lemme in die wind draai. “Dit was nou ’n baie slim manier om ’n nuwe woord te leer, of hoe, Dintle!” sê hy gelukkig.

Today is the first day of the school holiday! It is also market day, and Mme wa Afrika is taking Afrika and Dintle to the market to buy a toy or treat.

“There is only one condition before you can get your toy or treat,” Mme wa Afrika says, smiling. “You must know its name in both Sesotho and English!”

Vandag is die eerste dag van die skoolvakansie! Dis ook markdag, en Mme wa Afrika vat vir Afrika en Dintle mark toe om ’n speelding of lekkerny te gaan koop.

“Daar’s net een voorwaarde voordat julle jul speelding of lekkerny kan kry,” sê Mme wa Afrika met ’n glimlag. “Julle moet weet wat die naam daarvan in Sesotho en Afrikaans is!”

Daarna soek die kinders in die huis na nog bestanddele. Hulle maak ou vetkryte, 'n halwe bottel borrelmengsel, 'n ou sokkie, watte, speeldeeg en 'n bietjie glinsterstof bymekaar. Hulle sit dit in die pot en gooi sommer baie koue water daarby.

Next, the children searched inside the house for more ingredients. They collected old crayons, half a bottle of bubble

sock, cotton wool, playdough

mixture, an old bottle of bubble

old crayons, half

house for more

inside the

children searched

Next, the



Zaza and Ayo were bored. Then Granny suggested that they cook up something very interesting!

This story was specially created for Nal'ibali to spark children's potential through storytelling and reading for enjoyment.



Zaza en Ayo is verveeld. Toe stel Ouma voor dat hulle iets baie interessants voorberei!

Hierdie storie is spesiaal vir Nal'ibali geskep om kinders se potensiaal te laat vlamvat deur stories te vertel en vir genot te lees.

Get story active!

- ★ Encourage your children to create a recipe to make a dragon! Let them list their ingredients and write out the method they will use to make their dragon.
- ★ Ask them to draw pictures of their dragon. Prompt them by asking, "What does your dragon look like when it is angry? What does it look like when it is friendly?"
- ★ Use recycled materials such as old socks, bits of cloth, buttons and wool to make a dragon doll. Stuff the doll with old socks and cloth.

Raak doenig met stories!

- ★ Moedig jou kinders aan om 'n resep vir 'n draak uit te dink! Laat hulle hul bestanddele neerskryf en die metode wat hulle sal gebruik om hulle draak te maak.
- ★ Vra hulle om prente van hul draak te teken. Moedig hulle aan deur te vra: "Hoe lyk julle draak wanneer hy kwaad is? Hoe lyk julle draak wanneer hy vriendelik is?"
- ★ Gebruik herwinde materiaal, soos ou sokkies, afvallappies, knope en wol om 'n draakpop te maak. Stop die pop met ou sokkies en lappe op.

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org.



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil 'n leeskultuur regoor Suid-Afrika laat vlamvat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org.



Drive your
imagination



Die twee kinders spring aan die werk. Eerstens sit hulle goed uit die tuin in die pot – blare, droë takkies, gras, klein klippies en stukkie van verskillende plante soos laventel en hibiskus. Hulle gooi selfs modder in.

The two children set to work. First, they put things from the garden into the pot – leaves, dry twigs, grass, small stones and bits of different plants like lavender and hibiscus. They even put in some mud.

What's in the pot?




Wat is in die pot?

Lori-Anne Preston • Julie Smith-Belton

Ideas to talk about: What do you see floating in the pot on the cover? What do you think can be made with these things?

Idees om oor te praat: Wat sien jy in die pot op die omslag ronddryf? Wat dink jy kan 'n mens met hierdie dinge maak?



En al probeer hulle maande en maande lank om nog 'n draak te maak, kan hulle eenvoudig nie. Maar hulle gee nie moed op nie. Hulle weet dat iemand anders dit eendag sal uitwerk, en dalk is daardie iemand **JY!**

And although they spent months and months trying to make another dragon, they never could. But, they didn't give up hope. They knew that one day someone else would figure it out, and, just maybe, that someone is **YOU!**



Then they began to stir the mixture with sticks. "I hope it's not going to be a dodgy dragon," said Ayo, looking a little worried. "Me too," agreed Zaza. "I kind of like my thumbs." "How are we going to cook this mixture?" wondered Zaza.



Dan begin hulle die mengsel met stokke roer. "Ek hoop nie dit gaan 'n mislike draak wees nie," sê Ayo en lyk 'n bietjie bekommerd. "Ek ook nie," stem Zaza saam. "Ek hou nogal van my duime." "Hoe gaan ons hierdie mengsel kook?" wonder Zaza.

"Kan ons asseblief die resep kry?" vra Zaza. "Ongelukkig kan ek dit nie onthou nie," sê Ouma en lyk glad nie hartseer nie. Maar toe begin Ayo se oë blink. "Ek weet," sê hy. "Miskien moet ons probeer om ons eie resep te maak." "Ja, ja!" roep Zaza uit. "Kom ons doen dit!" Die kinders neem Ouma se groot driebeenpot na die tuin toe, gereed om met hul draakmaak-avontuur te begin.

Maar sy hoef nie lank daaroor te wonder nie.
Terwyl die kinders roer, begin rook uit die
pot opstyg.
Dan begin die mengsel knetter en kraak.
Dit gorrel en borrel, en die pot skud kwaai.
En toe bars vuur en vlamme uit die pot uit!



But she didn't need to wonder about that for
long. As the children stirred, smoke began to rise
from the pot.
Then, the mixture started to crackle and pop.
It burped and burbled and the pot shook
violently.
And then, fireworks exploded out of the pot!

Granny ran
outside to
see what all
the noise was
about.


"Oh, I see you
made a dragon!"
she said. "And I see it's a
friendly one too. Well done! But, can you
remember the recipe?"

Ayo and Zaza looked at each other.
Uh-oh! They couldn't remember the recipe!

Ouma hardloop buitentoe om te sien waarom
al die geraas gaan.

"O, ek sien julle het 'n draak gemaak!" sê sy.
"En ek sien ook dis 'n vriendelike draak. Mooi so!
Maar kan julle die resep onthou?"

Ayo en Zaza kyk na mekaar.
Oeps! Hulle kan nie die resep onthou nie!



"Can we have the recipe, please?" asked Zaza.
"Sadly, I can't remember it," said Granny, not
looking sad at all.
But then Ayo's eyes lit up. "I know," he said.
"Perhaps we should try coming up with our
own recipe."
"Yes, yes!" exclaimed Zaza. "Let's do it!"
The children took Granny's big three-legged
pot out into the garden, ready to begin their
dragon-making adventure.

Zaza and Ayo were spending the weekend at
their granny's house.

"We're bored," they moaned.

"Well, why don't you build a puzzle or play a
game?" suggested Granny.

"B-o-r-i-n-g!" sang the children.

"Ooh, I know," said Granny, lowering her
voice to a whisper. "Why don't you try to make
a ... **DRAGON!**"


Zaza en Ayo kuier die naweek by hul ouma
se huis.

"Ons is verveeld," kerm hulle.

"Wel, hoekom bou julle nie 'n legkaart of
speel 'n speletjie nie?" stel Ouma voor.

"V-e-r-v-e-l-i-g!" sing die kinders.

"O, ek weet," sê Ouma. Dan fluister sy:
"Hoekom probeer julle nie 'n ... **DRAAK**
maak nie!"



“Ouma,” lag die kinders. “Daar is nie sulke dinge soos drake nie.”
 “Natuurlik is daar!” sê Ouma.
 “Hoe dink julle het ek hierdie duim verloor? Om ’n draak te maak is ’n baie ernstige saak. Jy moet die resep net reg kry, anders sit jy met ’n nare draak, net soos ek.”
 Ayo en Zaza kyk na mekaar met oë so groot en rond soos pizzas.
 Kan hulle dit regtig doen?
 Kan hulle regtig ’n draak maak?

“Granny,” chuckled the children. “There are no such things as dragons.”

“Of course, there are!” said Granny. “How do you think I lost this thumb? Making a dragon is very serious business. You have to get the recipe just right, or you could end up with a rotten dragon, just like I did.”

Ayo and Zaza looked at each other with eyes as big and round as pizzas.

Could they really do it? Could they really make a dragon?



KAPOW!
KAPLAKSI!

And, out popped a ...

DRAGON!

“Eeee!” squealed the children with delight.
 “We did it! We made a dragon!”

Zaza turned to the dragon and nervously asked, “A-are you a friendly dragon?”

“Of course I am, silly!” said the dragon, smiling.


En daar verskyn ’n ...

DRAAK!

“Jaaaa!” gil die kinders van vreugde. “Ons het dit gedoen! Ons het ’n draak gemaak!”

Zaza draai na die draak en vra senuweeagtig: “I-is jy ’n vriendelike draak?”

“Natuurlik is ek, pampoen!” sê die draak en glimlag.



“Ja!” dink Afrika en doen ’n dansie. “Kan Tannie asseblief vir my sê wat ’n mens dit in Sesotho noem?” vra hy.
 “Jitte, vandag se kinders! Die vrae wat hulle vra,” sê die vrou sonder om te antwoord.

“Dumela, Mme,” Afrika greets the saleswoman. “All your toys are beautiful!”

“Thanks! We make them from recycled materials,” the woman says, handing Afrika the windmill he is looking at.

“But what is this thing?” Mme wa Afrika asks, looking at Afrika.

“It’s a *sefefa sa moea*. Do you want something else?” the woman says, thinking that Mme wa Afrika is talking to her.

A big smile lights up Afrika’s face. “May I have this one, please?” he says.

“This what?” Mme wa Afrika asks, as she pays for the windmill.

“Dumela, Mme,” groet Afrika die vrou wat die windpompe verkoop. “Jou speelgoed is alles pragtig!”

“Dankie! Ons maak dit uit herwinde materiaal,” sê die vrou en gee vir Afrika die windpomp waarna hy kyk.


“Maar wat noem ’n mens dit?” vra Mme wa Afrika en kyk na Afrika.

“Dit is ’n *sefefa sa moea*. Nog iets vir julle?” sê die vrou, want sy dink Mme wa Afrika praat met haar.

Afrika glimlag breed. “Kan ek hierdie een kry, asseblief?” sê hy.


“Hierdie wat?” vra Mme wa Afrika terwyl sy vir die windpomp betaal.

“-Windmill, my boy?” the driver asks, laughing.
 “I mean, what is it called in Sesotho?” Afrika whispers.
 “-Windmill yi windmill!” the driver says, turning up the volume on the taxi’s radio.
 This is not the answer Afrika needs.



Afrika knows what he wants but doesn’t get know the name for it in Sesotho. His plan is to ask everyone he meets if they know the Sesotho word. “Hello, Uncle,” Afrika greets the taxi driver as he climbs into the front seat.
 On the way to the market, Afrika sees his favourite bright blue windmill on a nearby farm and points to it. “Uncle, what is that thing called?” he asks.





Afrika wil die klein, kleurvolle windpomp hê wat hy die vorige keer toe hulle by die mark was, gesien het. Dit herinner hom aan die windpompe wat hulle altyd op die plase daar naby sien. “Kyk hoe kleurvol is dit! ’n Mens kan dit van ver af sien,” sê hy vir Dintle en beduie op pad na die taxi toe na ’n windpomp.

Afrika wants the small, colourful windmill he saw at the market the last time they were there. It reminds him of the windmills they always see on the nearby farms.

“Look how colourful it is! You can see it from far away,” he tells Dintle, pointing out a windmill on the way to the taxi.



As Afrika, his mom and Dintle continue walking through the market, they see a boy playing with a toy tin car. The wheels are made of recycled bottle caps. “Would you like a toy car, Afrika?” Mame asks. “No, thank you,” says Afrika. Then Afrika sees it! A small windmill on top of a table, its colourful blades turning in the breeze. “That is beautiful,” Mame says to Afrika, admiring the windmill too. “That’s exactly what I want,” Afrika says and runs towards the table. “Well, you know the deal,” Mame says as she joins him. Afrika realises that he still doesn’t know the word for windmill in Sesotho.

Terwyl Afrika, sy ma en Dintle verder deur die mark loop, sien hulle ’n seun wat met ’n blikkarretjie speel. Die wiele is van herwinde botteldoppies gemaak.

“Wil jy ’n speelgoedkarretjie hê, Afrika?” vra Mame.

“Nee dankie,” sê Afrika.

Dan sien Afrika dit! ’n Klein windpomp bo-op ’n tafel, met die kleurvolle lemme wat in die briesie draai.

“Dis pragtig,” sê Mame vir Afrika en kyk ook met verwondering na die windpomp.

“Dis presies wat ek wil hê,” sê Afrika en hardloop na die tafel toe.

“Wel, jy weet wat ons ooreenkoms is,” sê Mame toe sy by hom kom staan.

Afrika beseft hy weet nog altyd nie wat die woord vir ’n windpomp in Sesotho is nie.



Hoe om 'n eenvoudige windmeul van papier te maak

Jy het nodig: papier of dun karton, skêr, gom, kryte of merkpenne, potlood met uitveër op/ plastiekstrooitjie, duimspyker

How to make a simple paper windmill

You will need: paper or thin cardboard, scissors, glue, crayons or markers, pencil with eraser/plastic drinking straw, push pin

1.



- As jy gewone papier gebruik, plak twee bladsye op mekaar vas. Smeer gom oor die hele oppervlak van die bladsye. Laat die gom droog word.
- Teken of verf kleurvolle patrone aan een kant van die papier.
- Knip 'n vierkant uit jou papier.
- Slaan hierdie stap oor as jy dun karton gebruik.



- If you are using ordinary paper, glue two pages together. Put glue on the entire area of the pages. Let the glue dry.
- Draw or paint some colourful patterns on one side of the paper.
- Cut your paper into a square shape.
- Skip this step if you are using thin cardboard.

2.



- Gebruik 'n potlood en liniaal en trek twee lyne wat die twee teenoorgestelde hoeke van die vierkant met mekaar verbind.
- Use a ruler and pencil to draw two lines connecting two opposite points of the square.

3.



- Knip net verder as die helfte van elke lyn na die middel van die vierkant toe. Jou vierkant sal nou 8 punte hê.
- Cut just over halfway to the middle of the square along each line. You will now have 8 tips on your square.

4.



- Bring Punt 1 na die binnekant van die vierkant sonder om die papier te vou. Plak dit met gom vas.
- Bring Tip 1 to the centre of the square without creasing the paper. Glue it in place.

5.



- Bring Punt 3, 5 en 7 na die middel van die vierkant toe en plak dit met gom vas.
- Bring Tips 3, 5 and 7 to the centre of the square and glue them in place.

6.



- Druk 'n duimspyker in die middel vas. Wikkel die duimspyker rond om die gaatjie effens groter te maak.

- Insert a push pin into the centre. Wiggle the push pin around to make the hole a bit larger.



7.



- Maak die windmeul aan 'n potlood vas deur die duimspyker in die potlood se uitveër te druk. Moet dit nie te styf vasdruk nie, want dan sal die windmeul nie behoorlik kan draai nie.
- Attach the windmill to a pencil by pushing the pin into the pencil's eraser. Don't push it on too tightly; otherwise, the windmill will not be able to spin freely.

8.

Blaas op die kante van die windmeul om dit te laat draai. Geniet dit!

Blow on the edges of the windmill to make it spin. Have fun!





Folbo se towerwinkel



Deur Kai Tuomi ■ Illustrasies deur Jiggs Snaddon-Wood

Nomsa se pad huis toe van die skool af loop verby die kleurvolle huise, om die spoorwegstasie en deur die veld tot by die familieplaas.

Nomsa hou van die veld, want daar is minder mense daar, maar sy hou niks daarvan dat hulle so ver buite die dorp woon nie. Die meeste ander kinders woon in die kleurvolle huise.

"Ek wens ek het nie op 'n plaas gewoon nie," sê sy terwyl sy 'n klip langs die pad skop.


Nomsa ken die roete goed, en daarom is sy verbaas toe sy 'n vreemde klein geboutjie langs die pad sien. Dis te klein vir 'n mens om in te woon, en dit het honderde skoorstene waaruit kleurvolle rook die lug in trek.

"Wat is dié plek?" sê sy en buk af sodat sy 'n naambord bo die klein deurtjie kan lees. Dit sê: **Folbo se towerwinkel**.

Nomsa lag. "Dit moet 'n grap wees. Daar is nie so iets soos towerkuns nie."

"O," sê 'n vreemde klein stemmetjie, "jy dink nie daar is iets soos towerkuns nie? Verduidelik dan vir my wat dit is."

Daar is 'n harde slag en skitterende pienk en goue liggies, en skielik is Nomsa binne-in Folbo se towerwinkel, met haar kop wat teen die plafon kap.



"Wat het jy nou net gedoen?" vra Nomsa verbaas.

"Towerkuns," sê die figuurtjie agter die winkeltoonbank.

Nomsa se oë rek groot toe sy sien die figuurtjie wat met haar praat, is 'n akkedis wat 'n pienk pak met frilletjies en valletjies dra.

"My naam is Folbo. Welkom in my towerwinkel. Ek het gehoor hoe jy sê jy wens jy het nie op 'n plaas gewoon nie. Ek kan jou met towerkuns help om dit te verander."

"Regtig?" vra Nomsa verbaas.

"O, ja," sê Folbo en gryp 'n klein botteltjie met 'n towerdoepa daarin met sy stert. "Hierdie towerdoepa gee vir jou vyf wense. Jy kan wens om iewers anders te woon. Jy kan eintlik enigiets wens."

Nomsa se oë rek nog groter. "Hoeveel kos dit?" vra sy.

"O," sê Folbo, "dis goedkoop, net vyftig sent."

"Ek het vyftig sent," sê Nomsa opgewonde. "Ek sal dit koop."

"Wel," sê Folbo en gee vir haar die botteltjie, "wees net versigtig. Wense werk nie altyd uit soos 'n mens wil hê nie. Wense kan dinge selfs erger maak. Soms is dit beter om tevrede te wees met wat jy het."

"Goed dan," sê Nomsa haastig. "Nou hoe werk die towerdoepa?"

"Jy vat 'n slukkie en wens dan vir iets," verduidelik Folbo. Daar is 'n rookwolk en Nomsa staan skielik buite die towerwinkel.

"Dit help nie om te wag nie," sê Nomsa en vat 'n slukkie uit die bottel. Dit proe soos aarbeie.

"Ek wens ek het nie op 'n plaas gewoon nie."

Nomsa wag, maar niks gebeur nie.

"Wag, kom ek probeer iets anders. Ek is te kort." Sy vat 'n slukkie en sê: "Ek wens ek was lank."

Skielik begin Nomsa groei. Sy rek langer en langer totdat haar kop in die wolke is.

"Wag," sê sy, toe 'n voël verbylieg, "dis nou te lank."

Sy vat weer 'n slukkie en sê: "Ek wens ek was nie so lank nie."

Nomsa gil toe die towerkuns begin werk. Die wind swiep by haar verby. Sy krimp en krimp tot die gras soos bome bo haar kop wieg en Folbo se towerwinkel soos 'n groot herehuis bo haar uittoon.

"O, nee," sê sy met 'n piepstemmetjie. "Nou is ek te kort."

Sy vat nog 'n slukkie en sê: "Ek wens ek is weer my normale lengte."

Daar is 'n klappgeluid en toe is Nomsa weer so lank soos wat sy altyd was.

"Ek het jou gesê jy moet versigtig wees," sê Folbo waar hy by die towerwinkel se deur staan. "Jy het al klaar vier wense gebruik."

Nomsa knik en stap huis toe.

Toe sy op die plaas aankom, lyk alles dieselfde. Pappa is in die tuin by sy groente, Mamma maak kos, en haar hondjie, Max, slaap op die stoeptreppie.

"Ek skat my wens het nie gewerk nie," sê sy teleurgesteld. "Hallo, Pappa. Hallo, Mamma. Hallo, Max."

Max blaf. Pappa krap sy kop en sê: "Wie is jy?"

"Dis ek, Pappa, Nomsa."

"Nomsa?" sê Pappa en hou vir Max vas sodat hy sal ophou blaf. "Wie's dit?"

Mamma kom buitentoe. Sy vou haar arms en sê: "Het jy verdwaal?"

"Mamma, dis ek, Nomsa."

"Nomsa?" vra Mamma. "Ek ken niemand met die naam Nomsa nie."

"Ag, nee," sê Nomsa, "hierdie wens het glad nie uitgewerk soos ek wou hê dit moes nie. Folbo was reg."

Nomsa kyk na haar gesin en na die plaas. Dit voel skielik na 'n lawwe idee dat sy vroeër iewers anders wou woon. Nou kan sy nie sy nie dink aan 'n plek waar sy eerder wil wees as hier nie. Sy wil saam met haar gesin op die plaas wees.

"Ek wens ek kan saam met my gesin hier woon," sê sy, en vat die laaste slukkie uit die botteltjie, "net soos dit altyd was."

Die botteltjie verdwyn in 'n rookwolk.

"Nomsa, jy's by die huis," sê Pappa met 'n glimlag. Hy sit vir Max neer. Max hardloop en lek Nomsa se hand.



"Nomsa," sê Mamma, "die kos is nou net klaar. Ek het jou gunstelingkos gemaak."

Nomsa glimlag en gaan binnetoe om vir hulle alles van Folbo se towerwinkel en die wense te vertel. En hoe lekker dit vir haar is om weer saam met haar gesin op die plaas te wees.

Raak doenig met stories!

- Teken twee prente van Nomsa wat oor die storie gaan: een waarin sy baie lank is en een waarin sy baie kort is.
- As jy enige wens kon wens, wat sou dit wees? Maak 'n lys van vyf

- dinge waarvoor jy sou wens, waar 1 die belangrikste ding is en 5 die minste belangrik is.
- Maak 'n collage van 'n fantasiewese. Jy kan prente uit tydskrifte knip, of uit papier, en stukkies lap, krale, knope en enige ander herwinbare materiaal gebruik om jou collage te maak.



Drive your
imagination



Folbo's Magic Shop

By Kai Tuomi ■ Illustrations by Jiggs Snaddon-Wood



Nomsa's route home from school took her past the colourful houses, around the train station and through the veld to the family farm.

Nomsa liked the veld because there were fewer people there, but she hated how far away she lived from town. Most of the other children lived in the colourful houses.

"I wish I didn't live on a farm," she said, kicking a rock along the path.


Nomsa knew the route well, so she was surprised when she saw a strange little building beside the path. It was too small for a person and it had hundreds of chimneys from which colourful smoke rose into the air.

"What is this place?" she said, bending down to read a sign above the tiny door that said: **Folbo's Magic Shop**.

Nomsa laughed, "This must be a joke. There's no such thing as magic."

"Oh," said a funny little voice, "you think there's no such thing as magic? Then explain this."

With a loud bang and a shower of pink and golden lights, Nomsa found herself crouched inside Folbo's Magic Shop with her head against the ceiling.



"What did you just do?" Nomsa asked in amazement.

"Magic," said the creature behind the shop counter.

Nomsa's eyes grew wide as she saw the creature talking to her was a lizard dressed in a frilly pink suit.

"My name's Folbo. Welcome to my magic shop. I overheard you when you said you wished you didn't live on a farm. I can help you change that with magic."

"You can?" asked Nomsa in surprise.

"Oh yes," said Folbo, grabbing a little potion bottle with his tail. "This potion grants five wishes. You could wish to live somewhere else. You could wish anything really."

Nomsa's eyes grew wider. "How much is it?" she asked.

"Oh," said Folbo, "it's cheap, only fifty cents."

"I have fifty cents," said Nomsa excitedly. "I'll take it."

"Well," said Folbo, giving her the bottle, "just be careful. Wishes don't always work out the way you want them to. Wishes can even make things worse. Sometimes it's best to be happy with what you have."

"Okay," said Nomsa hurriedly. "So, how does the potion work?"

"You drink a little and then make a wish," explained Folbo. And with a puff of smoke, Nomsa found herself outside the magic shop.

"No point in waiting," Nomsa said, taking a sip of the potion. It tasted like strawberries. "I wish I didn't live on a farm."

Nomsa waited, but nothing happened.

"Let me try something else. I know. I'm too short." She took a sip and said, "I wish I was tall."

Suddenly, Nomsa began to grow. Up she went, growing until her head was in the clouds.

"Woah," she said, as a bird flew past, "this is too tall."

With another sip, she said, "I wish I wasn't so tall."

Nomsa shrieked as the magic worked. Wind rushed past her. Down she went, shrinking until the grass waved like trees above her and Folbo's Magic Shop was the size of a mansion.

"Oh dear," she squeaked. "Now I'm too short."

She took another sip and said, "I wish I was my usual height."

With a pop, Nomsa returned to normal.

"I told you to be careful," said Folbo from the magic shop door. "You've used four wishes already."

Nomsa nodded and walked towards her home.

When she got to the farm, everything looked the same. Papa was in the garden with his vegetables, Mama was cooking, and her little dog, Max, was sleeping on the front step.

"I guess my wish didn't work," she said, disappointedly. "Hello, Papa. Hello, Mama. Hello, Max."

Max barked. Papa scratched his head and said, "Who are you?"

"Papa, it's me, Nomsa."

"Nomsa?" said Papa, holding Max to stop his barking. "Who's that?"

Mama came out. She crossed her arms and said, "Are you lost?"

"Mama, it's me, Nomsa."

"Nomsa?" Mama asked. "I don't know anyone called Nomsa."

"Oh no," said Nomsa, "this wish didn't work out at all like I wanted. Folbo was right."

Nomsa looked at her family and the farm. It seemed silly that earlier she had wanted to live somewhere else. Now she couldn't think of anywhere else she'd rather be. She wanted to be with her family on the farm.

"I wish to live here with my family," she said, taking a final sip from the bottle, "just like it was before."

With a puff of smoke, the bottle disappeared.

"Nomsa, you're home," said Papa, smiling. He let go of Max, who rushed over to lick Nomsa's hand.



"Nomsa," said Mama, "I've just finished cooking. It's your favourite."

Nomsa smiled and went inside to tell them all about Folbo's Magic Shop, the wishes, and how much she loved being home with her family on the farm.

Get story active!

- Draw two pictures of Nomsa that are based on the story: one where she is very tall and another where she is very small.
- If you could wish for anything, what would you wish for? Make a list of

five things that you would wish for, where 1 is the most important thing, and 5 is the least important thing.

- Make a collage of a fantasy creature. You can use cutouts from magazines, paper, bits of cloth, beads and buttons and any other recyclable materials to make your collage.



Drive your imagination

Nal'ibali-pret

Nal'ibali fun



1.

Maak 'n kenteken

1. Sny op die rooi stippellyn om die kenteken uit te knip.
2. Kleur die prent in.
3. Sny 'n sirkel wat net so groot soos die kenteken is, uit dun karton, byvoorbeeld, 'n graankosboks.
4. Gebruik gom om die kenteken op die karton vas te plak.
5. Gebruik kleefband of maskeerband om 'n haakspeld aan die agterkant van die kenteken vas te plak. Of maak 'n gaatjie aan die bokant en ryg 'n stukkie wol of tou daardeur sodat jy dit om jou nek kan hang.
6. Geniet dit om jou kenteken te dra terwyl julle op Wêrelddag vir Hardop Lees stories lees en daarna luister.

Make a badge

1. Cut along the red dotted line to cut out the badge.
2. Colour in the picture.
3. Cut a circle the same size as the badge from some thin cardboard, for example, a cereal box.
4. Use glue to paste the badge onto the cardboard.
5. Use sticky tape or masking tape to attach a safety pin to the back of the badge. Or make a hole at the top and thread some wool or string through it so that you can hang it around your neck.
6. Enjoy wearing your badge as you read and listen to stories on World Read Aloud Day.



2.

Skommel die letters om VYF VERSKILLENDE KLEURE te vind wat in die storie, *Wat is dit?*, genoem word.

NBUIR _____
 TIW _____
 IORO _____
 TRASW _____
 OUBL _____

Unscramble the letters to find FIVE DIFFERENT COLOURS mentioned in the story, *What is it?*

NBWOR _____
 HWIET _____
 DER _____
 KCBLA _____
 UEBL _____



3.

Kyk na hierdie prente uit *Wat is dit?* Nommer hulle sodat dit pas by die volgorde waarin dinge in die storie gebeur. Gebruik nou die prente om die storie oor te vertel.

Look at these pictures from *What is it?* Number them so that they match the order in which things happened in the story. Now use the pictures and retell the story.



Answers: 2. brown, white, red, black, blue; 3. 4, 1, 3, 2.
 Antwoorde: 2. bruin, wit, swart, blou; 3. 4, 1, 3, 2.

Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Kontak ons op een van die volgende maniere:

Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us in any of these ways:

- TheNalibaliChannel
- nalibaliSA
- @nalibaliSA
- @nalibalisa
- @nalibalisa
- nalibalisa
- The Nal'ibali Trust
- 0600 44 22 54

Produced by The Nal'ibali Trust. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.



Drive your imagination

